AFR 9

Downloaded from Stanmorephysics.com

**GEDIG GRAAD 9** **ARIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**DIE KAMEELPERD** **(Tienie Holloway) uit Afrikaans sonder Grense**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Strofe 1***<br>***4 versreëls***<br>***kwatryn*** | Almal sien ek oor die kop (het kameelperd swaar gesug) | Paarrym | (Ek-spreker) Hy is langer as die meeste dinge of mense. Parantese/inlassin. Verdere informasie word tussen hakies geplaas. |
| | **en** almal stap ek ook verby, met neus hoog in die lug. | | 'n pouse word geskep wat soms as uitheffingstegniek dien.Kommas kan voor en na 'n bystelling kom, wat dan die gedeelte uithef.Baie kommas vertraag die tempo |
| | **Tog** is ek nie hoogmoedig nie, maar nederig en skaam; | Paarrym | Kontras: hoogmoedig-nederig |
| | ek laat my bure ook met rus, **soos d**it 'n mens betaam. | | Respekteer sy bure. Vergelykig: soos dit 'n mens betaam |
| **STROFE 2**<br>**4 versreëls**<br>**kwatryn** | My kos soek ek nooit nie daar onder op die grond | Paarrym | As gevolg van sy lang nek. |
| | **want** hier wei ek, met lange nek, op die hoogste takke rond. | | Herhaling van voegwoorde: Polisenditon: Dien as bindmiddel. |
| | Die jongste blaartjies kan ek pluk, maar jy sal jou verstom | Paarrym | Die jongste blaartjies is vars en groen. |
| | **as** jy sien hoedat ek sukkel om 'n drankie by te kom! | | Vogtige blare by te kom. |
| **STROFE 3**<br>**4 versreëls**<br>**kwatryn** | My kop steek bo die bosse uit – 'n ware periskoop. | Paarrym | metafoor: sy kop word met 'n periskoop vergelyk |
| | Ek sien waar al **d**ie **d**iere wei, en waar ou jakkals loop. | | Alliterasie: d-klank |
| | Ek sien waar skuil die krokodil, ek weet ook goed waarom – | Paarrym | Krokodil – gevaar. |
| | maar niemand kan ek waarsku nie, helaas, want ek is stom, | | Personifikasie: kameelperde kan nie praat nie, so hulle kan nie stom wees nie. Menslike eienskap. |

| | |
|---|---|
| **VERSVORM: VRYE VERS: GEDIG BESTAAN UIT 12 versreëls** | |
| **Ek-SPREKER** | |
| **VRAE:** | |
| 1 | Watter tipe spreker kom in hierdie gedig voor? |
| | Ek-spreker |
| 2 | Uit hoeveel strofes bestaan die gedig? |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| | 3 strofes |
| 3 | Watter tipe rym oorheers in hierdie gedig? |
| | paarrym |
| 4 | "almal sien ek oor die kop (hoof) |
| | Verduidelik die denotatiewe betekenis van bostaande reël. |
| | Die kameelperd het n lang nek en bene. |
| | Verduidelik die konnotatiewe betekenis van bostaande reël. |
| | Hy is beter as ander/hoogmoedig/snob |
| 6 | Wanneer sug 'n mens/dier? |
| | Moeg/moedeloos/sug/raad-op |
| 7 | Kles die korrekte antwoord tussen hakies. |
| | "met neus hoog in die lig" impliseer dat kameelperd (**nederig/snobisties**) is? |
| 8 | Waarmee vergelyk die kameelperd homself in strofe 4 reël 1? |
| | periskoop |
| 9 | Wat impliseer reël 4 wat mense betref? |
| | Jy moet jou bure bie pla nie/respekteer/met rus laat. |
| 10 | Hoe weet ons dat Kameelperd nie lui is nie maar bereid is om sy nek uit te steek? Haal 'n reël aan as antwoord. |
| | "My.... |
| 11 | Dink jy dit is maklik vir Kameelperd om by die jongste blare uit te kom? Ja of Nee. Haal EEN woord aan as motivering. |
| | Nee. "sukkel" |
| 12 | Watter dier word as bedreiging vir die Kameelperd gesien? |
| | Jakkals/krokodil |
| 13 | Watter dier steek homself goed weg? |
| | krokodil |
| 14 | Waarom kan Kameelperd nie die diere of mense waarsku teen die gevaar van die krokodille nie? |
| | Hy is stom/kan nie praat nie. |
| 15 | Noem EEN sintuig waarmee Kameelperd sy omgewing ervaar? |
| | sig |
| 16 | Wat beteken die word "helaas"? |
| | Ongelukkig nie |
| 17 | Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende woord beteken: " **stom**". |
| | kan nie praat nie. |